

Bloutong: Op die rand van 'n deurbraak

Midde-in 'n dieregesondheidskrisis en reuseverliese weens bloutong by wolskape die afgelope drie jaar in Suid-Afrika staan die private entstofmaatskappy Design Biologix gereed om die entstof te begin vervaardig vir die komende lente wanneer voorkomende inentings gedoen moet word.

Die oplossinggedrewe private entstofvervaardiger Design Biologix, wat meer as 40 miljoen dossisse per jaar vervaardig en 'n belangrike deelnemer op die uitvoermark is, tree nou ook op die voorgrond in die stryd teen bloutong.

Uitbrekings van dié virusiekte laat steier menige wolskaapboerdery. Vanweë die nat toestande in groot dele van Suid-Afrika en 'n kritieke entstoftekort, is die grootste virusiekte onder skaapboerderye al

jare onder die mees aangemelde siektes deur veeartse wat deel vorm van die Herkouerveterinêre Vereniging, saam met die Veearts Netwerk wat die siekterapporteringstelsel bedryf.

Bloedsuiende muggies dra die virus oor na vatbare skape. Die insekte kan nie op 'n praktiese of volhoubare manier vir die hele nat seisoen bekamp word om die virusoordrag te probeer voorkom nie. Al is biosekerheid dus hoe goed, kan oordrag nie voorkom word nie.

Die enigste bewese bekam-

ping van die virus is om immuniteit deur inenting by skape op te bou voordat die siekte in die somer en herfs voorkom.

Die groot probleem is die talle stamme of sogenoemde serotipes van die virus. Elke serotipe kan die siekte veroorsaak, en immuniteit teen een verleen nie noodwendig beskermende immuniteit teen die ander serotipes nie.

Baanbrekernavorsing

In Suid-Afrika word daar al die afgelope 100 jaar baanbreker-

navorsing deur Onderstepoort gedoen om bloutong beter te verstaan ten einde 'n doeltreffende entstof te ontwikkel wat die siekte kan voorkom. Van die 26 en meer serotipes wat in die wêreld voorkom, is 20 al in Suid-Afrika deur navorsing geïdentifiseer.

Van die serotipes tas skape erger aan as ander, en sekere kom meer algemeen voor. Verskillende kombinasie van serotipes kom in opeenvolgende seisoene voor, wat voorkoming verder bemoeilik.

Ontwikkeling van entstof

Met die tekort aan die bestaande entstof het navorsers by Design Biologix en die fakulteit veeartsenykunde aan Onderstepoort en ander navorsingsinstellings al meer as ses jaar gelede met veeartse landwyd begin saamwerk om die virusserotipes te identifiseer.

Wie is Design Biologix?

Design Biologix is 'n leier op die gebied van diere-entstofnavorsing, -ontwikkeling en -vervaardiging in Afrika. Die maatskappy, met sy hoofkantoor in Pretoria, konsentreer op die voorkoming en bekamping van dieresiektes endemies aan Afrika.


Design Biologix het in 1994 met drie eienaars en 'n werknemer begin, en 600 000 dossisse vervaardig. Vandag word byna die helfte van die meer as 40 miljoen dossisse veemiddel vir beeste,

kleinvee, wild, visse en pluimvee na die SAOG, Brittanje, Oos-Europa en Noord-Afrika uitgevoer.

Die geregistreerde entstofvervaardigingsaanleg met moderne tegnologie voldoen ook aan internasionale standaarde van goeie produksiebestuurspraktyke (GMP).

Design Biologix het tans 'n span navorsers wat plaaslike en toepaslike navorsing doen om oplossings te vind vir die grootste dieregesondheidsprobleme in Suider-Afrika.

INSEKOORGEDRAAGDE SIEKTE - BLOUTONG (JAAR 2022)



Bethal, Ermelo Hendrina, Lydenburg, Nelspruit, Piet Retief, Standerton, Volksrust, Bapsfontein, Bronkhorstspuit, Hammanskraal, Krugersdorp, Magaliesburg, Nigel, Pretoria, Bela-Bela, Makhado, Mokopane, Polokwane, Christiana, Leeudoringstad, Potchefstroom, Schweizer Reneke, Stella, Bethlehem, Bloemfontein, Bulfontein

die somerreënstreek.

Toediening van die nuwe entstof

Die entstof is geregistreer as twee inspuitings aan gesonde skape, met die tweede inspuiting drie tot vier weke later vir skape wat nog nooit voorheen teen bloutong ingeënt is nie, of waar daar nie 'n spesifieke inentingsgeskiedenis is nie. Die veiligheid van die entstof is wel getoets en bewys as veilig vir gebruik by dragtige ooie.

Volledige geregistreerde gebruiksaanwysings vir die nuwe entstof in alle ouderdoms- en geslagsgroepe sal voorsien word met die entstof, wanneer dit amptelik in die lente bekendgestel word.

Monitor resultate

Met die tekort aan bloutongentstof word die registrasie van die nuwe bloutongentstof deur die registrasiewerheid as 'n noodregistrasie geag. Met die samewerking van veeartse in die veld, sal die gebruik en resultate van die entstof gedurende die eerste seisoen van toediening aktief gemonitor word.

Die doel van 'n geïnaktiveerde entstof is om immuniteit te ontwikkel teen die belangrikste serotipes wat voorkom, en dit op 'n veilige manier te doen sodat dragtige ooie ook ingeënt kan word.

Dit was voorheen 'n groot beperking op intensiewe skaapplase waar ooie met korter intervalle as een jaar lam. Die ander groot beperking wat oorkom sal word deur die geïnaktiveerde entstof is dat daar jaarliks net een skraagdosis toegedien sal moet word in plaas van die huidige drie inspuitings wat 'n groot uitdaging in groot skaapkuddes was.

Die resultate wat met die nuwe bloutongentstof behaal word, sal deurentyd gemonitor word deur veeartse wat dit voorskryf in die kuddes waar hulle 'n gesondheidsdiens lewer. Dit sluit ook seisoenale monitoring in van die bloutongvirusserotipes wat voorkom. **LBW**

Dr. Danie Odendaal is 'n konsulerende veearts.

Navrae: Dr. Danie Odendaal, WhatsApp: **082 454 0532**.

Só lyk bloutong

Siek skape toon 'n geswelde kop en lippe. Speekselvloeï, asook neus- en ooguitloop-sels, word gesien en die skaap lyk olik en wil nie wei nie. As die binnekant van die bek ondersoek word, is daar sere op die kant van die lippe, in die res van die bekslymvlies en veral erge weefselskade op die boonste, harde verhemelte wat die skaap moet gebruik om die gras vas te byt sodat dit met die onderste snytande afgepluk kan word. Die tong is rooier as normaal en in uitsonderlike gevalle selfs blou, vandaar die naam van die siekte.

Vanweë 'n hoë koors raak die

skaap lusteloos en wil nie vreet nie. As gevolg van die wonde op die slymvliese en vogopbou in die longe (longedeem) kan sekondêre bakteriese infeksie ook voorkom, wat gewoonlik die oorsaak van vrekke is.

Die verdere aantasting is te sien by die kloue. By veral wit wolskape kan 'n duidelike rooi lyn gesien word waar die vel by die klourand aansluit. Die kloue voel warm en die skaap is baie mank as gevolg van die inflammasie, asook spierswakheid.

'n Ander kliniese teken is 'n "onderbreking" in wolgroei by herstellende skape. Dit lei tot gedeeltelike of volledige wolverliese.

Die indirekte of minder sig-



Simptome. As wolskape bloutong het, kan 'n duidelike rooi lyn gesien word waar die vel by die klourand aansluit. FOTO'S: VERSKAF

bare verliese behels fetale verliese wat voorkom by ooie wat in die somer en herfs gepaar is, en tydelike onvrugbaarheid van aangetaste ramme (weens koorsreaksie) tydens die paar-seisoen. Aborsies weens die



Skape met bloutong toon 'n geswelde kop en lippe.

koorsreaksie kom voor by hoog dragtige ooie wat in die herfs moes lam, of daar is abnormale lammers by geboorte indien die ooi in die eerste derde van die dragtigheids-tydperk besmet was.